

Verklarings oor Erfenisdag kwessie

Verklaring deur die Eden Khoi Aboriginal-raad:

PBI en ANC disrespekvol teenoor ander op Erfenisdag

Tydens ń maand waarin Suid-Afrikaners hul ryk en diverse kultuurerfenisse bvier, is ons as trotse Khoi-gemeenskap geskok deur ʼn stemopname van ʼn gesprek waarin die leier van die Plaaslike Besorgde Inwoners (PBI), Virgil Gericke en Marius Tarentaal, ANC-verteenwoordigers Castro Lehlo ,Mervin Olivier die Khoi-kultuur en menswees openlik bespot.

As trotse Khoi, is ons woonagtig in amper elke wyk in die tuinroete en in die Wes-Kaap. Ons wortels lê diep in die geskiedenis van hierdie Provinsie. Alle Suid-Afrikaners het ʼn plek in eie reg in hierdie land. Ons kan nie langer toelaat dat die uniekheid van ons diversiteit so ondermyn en beswadder word nie.

Die Khoi Eden Aboriginal Raad in George sal onmiddelik ʼn formele klag indien by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie teen beide die PBI en die ANC.

Finaal is die masker van beide politieke partye se vroom gesigte verwyder en is die PBI en ANC se partyelede en kandidate se ware kleure ontbloot en sien ons almal nou wie hul werklik is.

Media-verklaring deur die PBI:

Die PBI neem kennis van die stem opname wat versprei word waarin sy leier in sy persoonlike hoedanigheid deelneem aan n privaat gesprek, op n geslote sosiale media groep, met ander politieke leiers.

Die opname is onwettig en sonder toestemming afgetrek en versprei deur n persoon wat voorgee om n leier van die mense te wees.

Die verspreiding van die opname is bedoel om kwaadwillige skade te doen aan die goeie naam en reputasie van ons leier, Virgill Gericke.

Die PBI stel dit onomwonde dat ons party die regte, kulture en tradisies van inheemse volke, insluitend die Khoi gemeenskap, onderskryf en respekteer.

Die PBI ondersteun ten volle die Grondwetlike beginsel van kulturele diversiteit en plaas n baie hoë premie op die beskerming van inheemse volke en hul regte.

In die stem opname het die leier, Virgill Gericke, n ligte oomblik oor Khoi gebruike en ons voorsate se tradisies.

Die leier van die PBI is self n afstammeling van Khoi herkoms. Die feit dat hy nie n velletjie en kiere dra nie, maak hom nie n minderwaardige nasaat nie.

Ons leier is eerstens n mens en dan n nasaat van n bepaalde kultuur.

Omdat hy menslik is, is daar hoegenaamd niks verkeerd om oor sy eie kultuur te lag en n ligte oomblik te geniet met ander leiers nie. Ons kultuur is nie beperk tot mense wat net aan n sekere groep of tradisie behoort nie. Diesulkes het ons ryke Khoi kultuur verander in n eksklusiewe groep en sluit derhalwe alle ander individue uit wat ook dieselfde erfenis deel.

Dit is verregaande om n stem opname buite konteks aan die publiek voor te hou, met die uitsluitlike doel om ons leier se reputasie te besoedel.

Dit is voorts n skending van sy Grondwetlike reg tot vryheid van spraak, opinie en assosiasie.

In geen stadium in die opname word daar gediskrimineer of neerhalende opmerkings gemaak nie. Die verwysing na drank is n algemene fenomeen en kom in baie kulture of tradisies voor.

Die gebruik van "fanagalo" of lingua franca in die opname, is juis n refleksie van die eertydse kommunikasie in myne tussen volke van verskillende tale wat mekaar nie verstaan het in die werksopset nie.

Die PBI is oortuig dat hierdie verdraaiing van n goed bedoelde ligte oomblik, n versteekte politieke aanval is met die oog op die November tussenverkiesings in George.

Ons maan leiers om volwassenheid aan die dag te lê en nie goedkoop politieke punte te wil wen nie. Die proses van versoening en nasiebou is veel belangriker as individualisme en die voortbestaan van n politieke groepering.

Die PBI verwelkom enige ondersoek in die verband.

Verklaring deur Mervin Olivier:

Hiermee neem ek kennis van die opname van n Private gesprek tussen my en ander leier op ons whatsapp groep. Dit was en is baie laakbaar en politieke oportunisties om die opname te gebruik vir politieke gewin. As jy luister aan die opname praat ek van die jaag metodes wat gevolg is in die ou dae deur verskillende tradisionele groepe. Ek het naby probeer te nakom nie en sal niot. Ver meer as 35 jaar baklei ek vir die regte en grondkwessie van inheemse groepe. Sodoende dat ek deel was van n taakspan 2009 om met alle inheemse volk te praat en hulle georganiseerd kry.

Ek wil se dat dit wat ek gese het niks met die ANC te doen het nie. Maar dat ek wel n lid is van die ANC. Ek wil verder se dat ek vra dat ons openlik begin en praat oor inheemse groepe. Want dit blyk dat n seker groep wil claim hulle is alleen inheemse bevolking. Hoop om binne kort gespreke te het oor inheemse volke se tradisies en kultuur. Ek wil ook net se dat dit jy reg is om my opinie te lig wanneer dit gaan oor tradisie.

Verklaring deur Marius Tarentaal:

Eerstens wil ek my diepe talleurstelling uitspreek teenoor n die persoon wat saam ons op n George United Front Groep is wat baie kleinklik opgetree het deur die voiceclips te forward vanaf ons groep dit terwyl ons n ligte noot net bietjie pret gehad het oor ons Khoi Kultuur. Ek is verstom en geskok dat dat politieke leiers misbruik van so sulke 'petty' nonsens terwyl daar erge aangeleenthede is wat ons Khoi Chiefs nog se mensewaardigheid eintlik skade berokken het.

Ek myself ken die Khoi Kultuur en ken my herkoms van my voorgeslagte en ek sal nooit disrespekvol wees teenoor my Khoi Afstammeling nie. Almal maak grappe van enige Kultuur en dan is dit nie issue so ek kan nie sien dat die situasie uitvervand geruk word nie. Ek is ook op verskeie platforms van die Khoi Groepe inni Suid-Kaap en ek slaan ons leierskap baie hoog aan so hoe kan ek dan teenstrydig optree. Ek is vertrou met ons customs en ek myself dra my Khoi hoofband, krale en ander uitrusting as ons vergader so ek kan nie sien hoekom ons ligte oomblikke gesaboteer word nie en vir eie gewin gebruik word om ons na te kom nie.

Laastens ek sal onder geen omstandighede ons mense se waardigheid skend nie want ek is n volbloed kind van die San en ek skaam nie vir my herkoms nie ten teendeel staan ek op vir ons Eerste Nasie Bevolking en ons Ryke Kultuur.Ek is enige tyd oop vir navrae en vir ope gesprekvoeringe met leierskap binne in ons Inheemse Nasie en Groepe.Ek wil noem dat ons almal het die reg om sy uiting te gee aan sy kultuur,tradisie het dit nou op n ligte grapwyse noot is al dan nie.Baie dankie/Kei Gangans!